higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2

(11011062)

20 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 1 bylae.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die toerismebedryf kan sonder die omgewing oorleef.

1.1.2 Toerisme verkies dit om skoon en ongerepte omgewings te besoek.

1.1.3 Plaaslike gemeenskappe het geen reg om voordeel uit toerisme te trek nie.

1.1.4 Toerisme-ondernemings moet winsbejag as prioriteit stel en minder besorgd oor die omgewing wees.

1.1.5 Dit is nie nodig om die uitwerking van toerisme te assesseer voordat enige toerisme-ontwikkeling plaasvind nie.

1.1.6 Dit is onnodig dat die gemeenskap 'n gelyke deel van die voordele uit toerisme ontvang.

1.1.7 Erfenisterreine het waarde en moet bewaar word.

1.1.8 Natuurerfenis sluit riviere, landskap, berge, ens. in.

1.1.9 Die wapenskild is die hoogste visuele simbool van die staat.

1.1.10 Daar word nie van plaaslike mense vereis om erfenisterreine vanuit 'n ander perspektief te beskou nie.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Vakansie ontvang as beloning vir harde werk	A	omgewingsimpakassessering
1.2.2	Groot gastehuis geleë in natuurlike omgewing	B	vermenigvuldigereffek
1.2.3	Grafiese voorstelling van die aardoppervlak	C	demonstrasie-effek
1.2.4	Oorskry nie die aantal mense wat 'n terrein kan bevat nie	D	kaart
1.2.5	Sien neer op ander kulture	E	inflasie
1.2.6	Plaaslike mense wat 'n vreemde lewenswyse aanneem	F	verandering
1.2.7	Geld bestee aan 'n toerisme-onderneming wat na ander sektore van die ekonomie vloei	G	bedreigde spesies
1.2.8	Assessering van die impak van 'n toerisme-ontwikkeling op die omgewing	H	plattelandse gastehuis
1.2.9	Vernietiging van plantlewe	I	aansporing
1.2.10	Verhoding in petrolpryse, verblyf en toegangsgelde	J	kulturele arrogansie
		K	konflik
		L	dravermoë

(10 × 1) (10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 … word gewoonlik deur 'n swart driehoek op 'n kaart aangedui.

A 'n Rivier
B 'n Bergpiek
C 'n Oseaan
D 'n Meer

1.3.2 Verduidelik die simbole wat op 'n kaart gebruik word:

A Roosterverwysing
B Breedtegraad
C Legende
D Skaal

1.3.3 Die Nguni-mense bestaan uit die volgende groepe:

A IsiXhosa, isiZulu, SiSwati en Ndebele
B IsiXhosa, Tswana, Sotho en Zulu
C Tsonga, isiZulu, Tswana en Sotho
D Tsonga, isiZulu, Ndebele en Sotho

1.3.4 'n Mediterreense klimaat kom langs die smal kusgebied naby … voor.

A Oos-Londen
B Port Elizabeth
C Kaapstad
D Durban

1.3.5 Die Christine-meer is in … geleë.

A Gauteng
B Limpopo
C Mpumalanga
D Noordwes

(5 × 1) (5)

1.4 Gee die naam van die toekenning van elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 'n Toekenning vir uitmuntendheid en uitsonderlike prestasie

1.4.2 'n Toekenning vir voortreflike diens in sake, die ekonomie, wetenskap en tegnologiese innovering

1.4.3 'n Toekenning vir uitmuntendheid in sport, kunste, kultuur en musiek

1.4.4 'n Toekenning aan Suid-Afrikaners vir hul bydrae tot menseregte en die stryd om demokrasie

1.4.5 'n Toekenning vir heldedade verrig

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Knysna is 'n dorp met 'n klein aantal inwoners in die Wes-Kaap in Suid-Afrika en is deel van die Tuinroete. Dit is 34 grade suid van die ewenaar geleë. Dit is die perfekte dorp om in oor te bly om die omliggende gebiede te verken.
>
> [Bron: *www.google.co.za*]

2.1.1 Noem DRIE groot toeriste-aantreklikhede op die Tuinroete. (3 × 1) (3)

2.1.2 Noem enige DRIE dorpe behalwe Kynsna wat op die Tuinroete aangetref word. (3 × 1) (3)

2.1.3 Watter nasionale pad verbind die dorpe van die Tuinroete? (2)

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

> Baie binnelandse en internasionale toeriste besoek Kaapstad om die jaarlikse Kaapstadse Internasionale Jazzfees by te woon. Aan die einde van die fees stel baie toeriste daarin belang om Kaapstad en sy baie aantreklikhede, soos Kirstenbosch, Boulders-pikkewynkolonie, Tafelberg, Robbeneiland en die V & A Waterkant te verken. Sommige toeriste stel ook belang in Suid-Afrika se kultuurdiversiteit en bespreek 'n georganiseerde toer in townships met 'n plaaslike reisagent. Hierdie toere bied toeriste 'n geleentheid om die plaaslike mense te ontmoet en met hulle te gesels.

2.2.1 Verduidelik die verskil tussen 'n *binnelandse toeris* en 'n *internasionale toeris*. (2)

2.2.2 Gee DRIE maniere waarop Kaapstad voordeel uit die Kaapstadse Internasionale Jazzfees kan trek. (3 × 2) (6)

2.2.3 Noem VIER maniere waarop toeriste 'n nadelige uitwerking op die natuurlike omgewing kan hê. (4 × 2) (8)

2.2.4 Gee DRIE maniere waarop toeriste 'n nadelige sosiokulturele uitwerking tydens hul besoek aan die townships kan hê. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 3

3.1 Verwys na die kaart van Suider-Afrika in die ADDENDUM (aangeheg) en beantwoord die vrae.

3.1.1 Noem die provinsies genommer 1–9. (9)

3.1.2 Noem die lande gemerk A–E. (5)

3.1.3 In watter provinsie is die Soutpansberg geleë? (1)

3.1.4 In watter provinsie is die Sibayameer geleë? (1)

3.1.5 In watter provinsie is the Augrabieswaterval geleë? (1)

3.1.6 In watter provinsie is die bekende Tafelberg geleë? (1)

3.2 Noem VIER soorte verblyf wat beskikbaar is vir toeriste wat Suid-Afrika besoek. (4)

3.3 Beskryf die soort toeris wat waarskynlik aan die volgende aktiwiteite sal deelneem:

3.3.1 Geniet 'n wildrit in die Nasionale Krugerwildtuin.

3.3.2 Woon 'n konferensie in Port Elizabeth by.

3.3.3 Neem aan die Comrades-marathon deel.

3.3.4 Geniet die vermaak wat Sun City bied.

(4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 4

4.1 Noem VIER faktore wat mense motiveer om te reis. (4)

4.2 Noem die volgende Suid-Afrikaanse nasionale simbole:

4.2.1 Nasionale blom

4.2.2 Nasionale voël

4.2.3 Nasionale dier

4.2.4 Nasionale boom

4.2.5 Nasionale vis

(5 × 1) (5)

4.3 Watter erfenisbron verbind jy met elk van die volgende voorbeelde?

4.3.1 Nasionale Krugerwildtuin

4.3.2 KwaZulu-Natal-slagvelde

4.3.3 Sterkfonteingrotte

4.3.4 Tuinroete

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

4.4 Voltooi die volgende tabel deur die geleentheid uit die beskrywing wat verskaf word asook die dorp waar die gebeurtenis plaasvind, te noem. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

BESKRYWING VAN GELEENTHEID	NAAM VAN GELEENTHEID	STAD/DORP WAAR GELEENTHEID PLAASVIND
'n Viering van die migrasie van miljoene klein, eetbare vissies aan Suid-Afrika se ooskus.	4.4.1	4.4.2
Die grootste verbruikerskou/-uitstalling in Suider-Afrika wat meer as 400 000 besoekers lok	4.4.3	4.4.4
Ononderbroke vermaak van vier dae vir homoseksuele mense aan die Tuinroete	4.4.5	4.4.6
Besoekers het die geleentheid om meer as 15 000 uitstallings van rose tydens hierdie fees te sien	4.4.7	4.4.8
Hierdie fees spog met karnavalritte, konserte, lewendige volstruisuitstallings, asook die bekende volstruisritte	4.4.9	4.4.10

(10 × 1) (10)

4.5 4.5.1 Vergelyk *tasbare erfenis* en *nietasbare erfenis.* (2)

4.5.2 Gee 'n voorbeeld van nietasbare erfenis. (1)

[30]

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

> Die Noord-Kaap strek 372 889 km^2 van die wêreldbekende Kalahariwoestyn tot die droë vlaktes van die Karoo. Dit bied besoekers 'n unieke ervaring met sy oop ruimte, vriendelik mense, ryke geskiedenis en unieke kultuurdiversiteit. Dit is moeilik vir besoekers om tussen die UNESCO-terrein en twee vredesparke te kies. Die Noord-Kaap se natuurlike prag word deur sy natuurlewe versterk. Van die Klein Vyf tot die Groot Vyf, is die besigtiging van diere van naby iets werklik onvergeetliks. Daar is viertrekroetes, perdry en 'n verskeidenheid safari's om by jou reis in te sluit.
>
> [Bron: www.skyways.co.za]

5.1.1 Watter soort klimaat het die Noord-Kaap? (2)

5.1.2 Noem die TWEE vredesparke/oorgrensparke wat in die provinsie aangetref word. (2)

5.1.3 Gegrond op die uittreksel hierbo, watter soort toeris sal die provinsie waarskynlik besoek? Staaf jou antwoord. (1 + 2) (3)

5.1.4 Noem TWEE diere wat deel van die Groot Vyf is. (2)

5.1.5 Noem DRIE dienste waarvoor die vraag sal toeneem as die aantal toeriste in hierdie provinsie toeneem. (3)

5.1.6 Wat is die voordele daarvan om 'n terrein 'n erfenisterrein te verklaar? (4 × 2) (8)

5.2 Kies die korrekte opsie uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf die antwoord langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 (Sibayameer/St Luciameer) is die grootste varswatermeer in Suid-Afrika.

5.2.2 In (subtropiese/woestyn-) klimate is somers warm met reënval en baie matige winters.

5.2.3 (Magaliesberg/Soutpansberg) is die verste noord in Suid-Afrika geleë.

5.2.4 Die (Garieprivier/Vaalrivier) is die langste rivier in Suid-Afrika.

5.2.5 Die (Gariepdam/Bloemhofdam) is die grootste dam in Suid-Afrika.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

5.3 Noem die provinsie waarin elk van die volgende nasionale parke gelë is:

5.3.1 Addo-olifant Nasionale Park

5.3.2 Golden Gate Nasionale Park

5.3.3 Mapungubwe Nasionale Park

5.3.4 Pilanesberg Nasionale Park

5.3.5 Weskus Nasionale Park


(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(11011062)

BYLAE



Kopiereg voorbehou